Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens. 10 Nov. 1948. Prys 3d. No. 1

# BRITSE SET BEHAAL TEEN INDIË OOK SUKSES

**„Daar is nou alle aanduidings dat Indië in die Statebond sal bly en dat een van die grootste proefnemings in die geskiedenis van Britse staatsmanskap sal slaag," lui 'n berig uit Londen in 'n Kaapstadse Engelse dagblad.**

Die berig meld dat die verteenwoordigende vergadering wat verlede week in Delhi byeengeroep is om 'n grondwet vir Indië op te stel, daartoe sal oorgaan om Indië 'n republiek te maak, soos Nehru oorspronklik beoog het, **maar Indië se houding teenoor die kroon en statebond sal nie bespreek word nie. Na verwag word sal Indië sodra sy republikeinse grondwet aanvaar is, deelneem aan 'n gesamentlike verklaring van Brittanje en ander dominiums ten effekte dat die president van Indië die verteenwoordiger van die koning is ten opsigte van ander moondhede.**

„Sodoende wil dit lyk of die plan vir Indië, wat tydens die lang samesprekings in Londen tussen Attlee, Pandit Nehru en ander Statebondslede uitgewerk is, 'n werklikheid gaan word." Aldus die berig.

Soos vroeër berig het lede van die Britse regering ná die statebondskonferensie verklaar dat hierdie konferensie waarop die woord „Brits" weggelaat is, die mees geslaagde was, en dat daar nou geen gevaar vir die eenheid van die Statebond is nie. Die Indiese leier het dan ook na die konferensie vir Ierland aangeraai om nie haastig te wees met sy verbreking van ryksbande nie.

Nog 'n proefneming in die reeks wat in 1903 begin is deur die veroweraar van die Boererepublieke, Neville Chamberlain, naamlik om die onderworpe volke se verset te koop met 'n skyn van groter vryheid, staan dus op die punt om te slaag.

# Franse Wend Hul Tot De Gaulle

**Genl. Charles de Gaulle, leier van die Franse Volksbeweging, het die naweek alle ander mededingers om die regeringsmag in die skadu gestel deur die meerderheid in die Franse hoërhuis te behaal en die verteenwoordiging van die partye, en veral dié van die Kommuniste, aansienlik te laat inkrimp.**

Daar moes altesaam 269 lede gekies word en van die 266 setels wat by ons ter perse gaan bekend was, het De Gaulle 114 setels verower. Die Republikeinse Volkspartye wat voorheen 72 lede in die Hoërhuis gehad het, het tans net 14 lede in die raad terwyl die Sosialiste tans 47 setels hou in vergelyking met hul vorige 44. **Vir die Kommuniste is die uitslae 'n verdoemende terugslag. Hul verteenwoordiging van 91 het tans gedaal tot 'n skrale 16.** Die radikale party het nou 47 in vergelyking met sy vorige 29 lede.

Die terugslag van die Kommuniste by die stembus hou verband met die Kommunistiese poging om by wyse van stakings Frankryk se ekonomiese posisie te ondergrawe.

Die uitslag van die verkiesing toon aan waarom die Franse regering weier om uitvoer te gee aan De Gaulle se eis dat daar 'n verkiesing vir die hele parlement uitgeskryf moet word. **Dit is tans duideliker as ooit dat die Franse volk sy rug op die partypolitiek gedraai het wat nie by magte is om 'n antwoord vir die Kommunisme te bied nie.**

## O.B.-OFFISIER STORT NEER

**Generaal J. H. Gouws van Groblershoop was verlede Donderdag in 'n ernstige ongeluk betrokke toe sy ligte vliegtuig honderd myl anderkant Upington, by Glen Ruby, neergestort het. Hy was vergesel van 'n naturel en verkeer tans in die Gordonia-hospitaal as gevolg van beserings aan sy rug.**



Generaal J. H. Gous.

**Genl. Gouws het onlangs vir hom 'n ligte vliegtuig aangeskaf en sy opleiding as loods in Bloemfontein voltooi. Hy is een van die bekwaamste offisiere in die Ossewabrandwag. Namens die Beweging word hom 'n spoedige en volkome herstel toegewens.**

# Russe Verskuif Swaartepunt Allig Na Ooste

**Met die oorwinning van die Sjinese Kommuniste in sig en die gevolglike uitbreiding van Rusland se mag in die Verre Ooste, word verwag dat die swaartepunt van die Oos-Wes-botsing nou van Duitsland na Sjina sal verskuif. Waarnemers meen dan ook dat Rusland gewillig sal wees om die Berlyn-krisis nou tot 'n oplossing te bring, veral ook ten gevolge van die skade wat die Russiese invloed in Europa weens die Berlyn-blokkade gely het.**

Nadat die ryk provinsie Mantsjoerye deur die Kommunistiese leërs verlede week verower is, word Noord-Sjina tans op twee plekke binnegeval, en wil dit lyk of teenstand van die nasionale leërs in duie gestort het. Daar was al selfs sprake dat Tsjiang Kaisjek, leier van die Sjinese nasionaliste, die land sou verlaat.

Dit is egter nie net in Sjina waar die Kommuniste aan die beweeg is nie. Die hele Suidoos-Asië is op die oomblik aan die kook. In Birma, die Maleise eilande, Siam en Indo-Sjina bestaan daar sterk ondergrondse Kommunistiese eenhede onder bevel van die Kommunistiese generaal Mao Tse-tung.

Met die Japanse inval in Suid-Oos-Asië is hierdie groepe, ondanks ernstige waarskuwings daarteen van wapens voorsien om teen die Japanners op te tree. **Hierdie wapens is nooit doeltreffend teen die Japanners gebruik nie, maar is gebêre en voor die dag gehaal om Rusland in sy stryd om wêreldheerskappy by te staan.**

Die militêre hoofkwartier van hierdie Kommunistiese eenhede is in Chita, net anderkant die Russiese grens en staan onder bevel van die Russiese maarskalk Malinovsky.

## Sprake Van Bantoestan: Zoeloe-Steun

Tydens die verkiesingsveldtog van senatore vir die naturelle in **die noordelike provinsies sou H.N.P.-verteenwoordigers aan die bestuur van die African National Congress gesê het dat die regering planne in gereedheid bring vir die stigting van 'n naturellestaat, Bantoestan, wat later deur die Minister aangekondig sal word, na die sekretaris van die African National Congress, H. S. Msimang, in 'n persondernoud verklaar het.**

Volgens hom sou mnr. D. J. Potgieter, H.N.P.-sekretaris in Natal, die plan verduidelik het.

**Die onlangs ingestelde Zoeloehoof, Cyprian, wat 'n vurige Bantoe-nasionalis is en gevolglik 'n beleid van apartheid ondersteun, het 'n versoek aan sy onderdane gerig om vir die nasionaalgesinde kandidaat mnr. J. H. van Rooyen, te stem.** Hy het egter uitgeval met meer as 300,000 stemme teen die vorige lid, dr. E. H. Brookes.

Die nasionale kandidaat vir Transvaal en Vrystaat was mnr. J. H. J. van Rensburg, maar by ons ter perse gaan was die uitslag nog nie bekend nie.

Van die verkiesing van minstens een van hierdie twee het dit afgehang of die regering 'n meerderheid in die senaat gaan hê.

## Duitse Leër In Wording

**Die berig dat die Russe besig is om 200,000 Duitse „polisie" op die been te bring onder leiding van die Duitse generaal Seydlitz, wat bekend is vir sy aandeel aan die slag om Stalingrad, onderstreep die verskil in behandeling van Duitse offisiere in die Weste en Rusland. Onderwyl die Britte voorbereidings tref om die Duitse generaals wat hul vaderland in die Weste verdedig het, vroeg aanstaande jaar te verhoor, nadat hulle van hul range onthef sal word, is Rusland besig om Duitse generaals wat sy stede verwoes het, in diens te neem teen sy vyande.**

**Die „polisiemag" wat met mortiere, vlamwerpers en tenks bewapen sal word, word beskou as die kern van 'n Duitse Sowjet-leër.**

## TRUMAN WEER PRESIDENT

Heeltemal in stryd met die verwagtings is Thomas Dewey, kandidaat van die Republikeinse Party, verlede week by die verkiesing van verteenwoordigers vir die kieskollege wat die nuwe Amerikaanse president moet aanwys, verslaan deur Harry Truman — die man wat in die afgelope jare flater op flater ten opsigte van buitelandse beleid begaan het.

Die Demokratiese Party het ook groot meerderhede in die senaat en Huis van Verteenwoordigers behaal, sodat die toutrekkery van die afgelope paar jaar tussen president en volksverteenwoordigers beëindig is.

Dewey se nederlaag word grotendeels toegeskryf aan die ongewilde nywerheidsmaatreëls van die oorwegend Republikeinse Kongres, vrees vir sy ekonomiese beleid, die moedige stryd van Truman en die onsekere buitelandse toestand wat deur 'n verandering van regering nadelig beïnvloed kon word.

## V.V.O. Bespreek Suidwes

**Wat ookal die besluit van die V.V.O. oor Suidwes-Afrika mag wees — die besprekings het hierdie week begin — sal die Unieregering hom blykbaar nie laat afskrik van sy voorneme om Suidwes nader aan die Unie te trek nie, aangesien Suid-Afrika nie die reg van die V.V.O. erken om hom in te laat in die binnelandse aangeleenthede van Suid-Afrika nie.**

Mnr. Eric Louw, wat aan die spits van die Suid-Afrikaanse afvaardiging staan, kan waarskynlik op die steun van Brittanje, Kanada en Australië reken terwyl die Oosterse blok onder leiding van Rusland, Ukraïne en Indië, sowel as die Balkanlande die voorneme van Suid-Afrika teenstaan en meen dat Suidwes onder trusteeskap van die V.V.O. geplaas moet word.

# SABOTASIE VAN SPOORWEË HIER EN OORSEE

## ROOIES SE WERK MEEN POLISIE

**Hoewel daar tot onlangs gemeen is dat die moedswillige vertraging van herstelwerk in die spoorwegwerkplase en die sabotasie met die busse wat die Spoorweë in Kanada aankoop, deurdat daar fyn staalpoeier in die masjiene van die busse gevind is, met mekaar in verband staan, het die spoorwegpolisie nou onteenseglik bewys dat dit nie die geval is nie nadat sewe nuwe busse wat so pas in Kaapstad aangekom het, deur tegnici ondersoek is, na Die O.B. verneem.**

Nadat daar onlangs gevind is dat byna al die busse wat die Spoorweë uit Kanada invoer, slyppoeier in hul masjiene het, het die Spoorweë opdrag gegee dat die sewe nuwe busse wat verlede week in Kaapstad afgelaai moes word, op see ontmoet moet word sodat vasgestel kan word of die ingooi van die staalpoeier hier te lande of in Kanada geskied het. Alle voorsorgmaatreëls is getref om te verhoed dat iemand hierdie sabotasie in Suid-Afrika pleeg. **Die masjiene is verlede Donderdag in teenwoordigheid van die verteenwoordiger van die Kanadese maatskappy oopgemaak en daar is, soos in al die vorige gevalle 'n hoeveelheid staalpoeier in die masjiene gevind.**

Verdere ondersoek oor hoe die poeier in die masjiene gekom (Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom) het, sal nou deur die maatskappy in Kanada voortgesit word.

Na verneem word, word Indiërs of Kommuniste vir hierdie sabotasie teen die Unie-regering verantwoordelik gehou.

**Intussen is die Spoorwegpolisie, na Die O.B. verneem, besig om die kwessie van sobatasie in Spoorwegwerkplase ook te ondersoek. Die vermoede is uitgespreek dat ook dit onder leiding van linksgesinde elemente sou geskied.**

# Samewerking onder oë op A.P.-Konferensie

**Daar is nog nie 'n ooreenkoms in die Vrystaat bereik wat betref die verdeling van die setels vir die provinsiale verkiesing nie, het mnr. J. L. V. Liebenberg, L.V., hoofsekretaris van die Afrikanerparty, tydens die A.P.-konferensie wat verlede week in die Paarl gehou is, verklaar. Die saak sal nou hangende bly tot die Uniale kongres van die party wat in Desember op Brakpan gehou word.**

Spr. sê „met die grootste droefgeestigheid dat mense in die Vrystaat nog provinsiale setels kan raaksien, maar hulle perspektief is so kort dat hulle nie die volksgedagte kan raaksien nie." „Ek sal op 10 November in Bloemfontein wees en dan sal ek reguit praat", het hy gesê.

**Die Afrikanerparty is nie besig om sy kandidate te keur nie omdat hy nie die rede daarvoor sien dat persone wat sy beginsels onderskryf, gekeur moet word nie.** Die party het op die pad van genl. Hertzog gebly — die enigste pad waarop Suid-Afrika van oorwinning tot oorwinning gegaan het. Met die algemene verkiesing kon geeneen van die partye sonder die krag van die Afrikanerparty wen nie.

### O.B.-LEDE

Mnr. Liebenberg het gesê dat die Afrikanerparty Ossewabrandwag-lede in die party verwelkom. Aan die O.B.-lid sê die Afrikanerparty: „Jy glo in die gesagstaat maar as jy bereid is om op hierdie moment ons program van beginsels te onderskryf, is jy net so welkom soos enigiemand anders." Die A.P. verwelkom ook lede van die V.P. wat voel dat hulle verkeerd gaan en nie bereid is om by die H.N.P. aan te sluit nie.

Na Die O.B. verneem, is die kwessie van samewerking met die H.N.P. op die konferensie geopper. Daar was glo nie veel bespreking oor die saak nie, aangesien almal gevoel het dat samewerking voortgesit moet word op Min. Havenga se bekende basis van behoud van identiteit van samewerkende partye.

### NIE GEWENS

In verband met hierdie kwessie het mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die A.P. in Wes-Kaapland, verlede week in 'n persoonderhoud verklaar dat die neergelegde beleid van sy party behoud van identiteit is, omdat die Afrikanerparty 'n spesifieke taak het om te vervul en dit nie kan doen as hy nie sy eie identiteit behou nie.

**Die Afrikanerparty, het mnr. Laubscher gesê, het nie voordele teen hom nie en kan dien as 'n brug om mense bymekaar te bring wat deur ou geskille en vooroordele van mekaar verwyder is maar tog eners dink oor die probleme van die land.**

Die party verwelkom die besluit van die H.N.P. van Kaapland betreffende O.B.-lede wat lede van die H.N.P. kan word omdat dit H.N.P.-lede nou vry sal staan om vir A.P.-lede te stem gedurende die provinsiale verkiesing ongeag of hulle O.B.-lede is of nie.

---

**DIE INVOER VAN DIE UNIE** het gedurende September £8,000,000 meer bedra as die ooreenstemmende maand verlede jaar. Die totale invoer het £294,660,,000 bedrae teenoor 'n uitvoer van £11,006,900.

# BYBELS VOORTAAN HIER GEDRUK

**Volledige Afrikaanse Bybels sal hopelik aanstaande jaar vir die eerste keer in Suid-Afrika gedruk word, volgens 'n aankondiging deur ds. H. P. M. Steyn, sekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. Die werk sal behartig word deur die drukpers van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wie se toerusting aanstaande Julie gereed sal wees om met die werk te begin.**

Diegene wat nuwe Afrikaanse Bybels wil hê, sal egter nog 'n geruime tyd geduld moet gebruik, aangesien die verwagte besendings Bybels uit Londen wat hopelik nog hierdie maand sal aankom, hoofsaaklik gebruik sal word om agterstallige bestellings uit te voer en daar sal nog streng gerantsoeneer word. Onlangse berigte dat nuwe Bybels verwag word, het die Bybelgenootskap met navrae oorstroom en baie mense het onder die indruk verkeer dat die Bybels reeds ontvang is, maar die eerste klein besending het eers laas Woensdag aangekom.

### 40,000 VOORLOPIG

Volgens uit Londen verneem is, sal daar voortaan weekliks 5,000 Afrikaanse Bybels na Suid-Afrika gestuur word. Teen hierdie tempo behoort daar teen die end van die jaar 40,000 Bybels beskikbaar te wees om agterstallige bestellings uit te voer. Hierdie besendings sal verdeel word onder die vier kantore van die Genootskap, tw. in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Salisbury. Die grootste aanvraag word egter in die Suide ondervind.

Benewens die besluit om volledige Afrikaanse Bybels in die Unie te druk, sal daar voorlopig tot tyd en wyl die nodige drukperse gereed is, 'n begin gemaak word met die inbind van Afrikaanse Bybels wat in die buiteland gedruk is. Sowat 25,000 eksemplare sal op hierdie wyse bemark kan word. Laasgenoemde sal eersdaags mee begin word.

# Twee Partye nodig Sê H.N.P.-Lid

**Na aanleiding van die persgesprek van mnr. W. Laubscher waarin hy verklaar dat die Afrikanerparty sy eie identiteit moet bewaar omdat hy 'n spesiale taak het om te vervul, skryf mnr. P. H. Jacobs van Kaapstad, wat homself 'n „nasionalis" noem, as volg in Die Burger:**

**„Ek kan glad nie saamstem met die pogings om die H.N.P. en die A.P. te laat saamsmelt nie. Ek is en was nog altyd nasionalis maar ek wil seer seker die beleid van die A.P., soos sy sekretaris, mnr. Laubscher, dit wat hierdie saak betref verduidelik het, onderskryf.** As die nasionale familie in Suid-Afrika te groot geword het vir een wa, waarom mag daar nie 'n tweede wa wees nie? Dit is tog nooit wenslik dat die skoondogter by die skoonmoeder moet inwoon nie, hoe lief hulle mekaar ook al mag hê. Die beginsel wat ons in gedagte moet hou, is dat **daar ruimte vir verskil van mening binne die nasionale volksfront vir die verskillende temperamente moet wees.**

„'n Parallelle geval is dié van die verskillende Afrikaanse kerke. Persone van een temperament voel hulle tuis by die Gereformeerde Kerk, dié van 'n ander temperament by die N.G. Kerk en tog tree hulle hartlik saam op teen maatskaplike euwels en in 'n geval soos die vertaling van die Bybel. As hierdie twee elemente saam in een kerk gehok moes word, sou daar gedurig wrywing wees. Dit is tog ook die rede waarom ons apartheid wat die gekleurde en blanke rasse betref, wil toepas.

### 'EEN-PARTYSTELSEL'

„Laat ons dus asseblief nie kleingeestig wees nie, en besef dat ons baie meer gaan bereik onder die huidige stelsel as onder 'n een-party-stelsel. Ons glo mos die A.P. is net so nasionaal soos ons.

„Die tweede party dien as veiligheidsklep vir die mense wat nie in een span wil trek omdat Jan Skeeloog lid is van daardie span; nou ja, dan kan hulle hul by die tweede nasionale party aansluit. Die feit dat daar twee nasionale partye is, toon vir my slegs hoe diep die nasionalisme wortel geskied het en boesem by my die vertroue in dat die nasionale front nog die Sappe gaan uitroei. In daardie geval kan ons dan 'n A.P.- of H.N.P.-opposisie hê."

# UNIE SAL EERLANG SELF VOORSIEN IN SAK-BEHOEFTE

**Daar is alle rede om aan te neem dat die Unie selfvoorsienend sal word ten opsigte van sakke. Daar is reeds aansienlike vordering in hierdie rigting gemaak.**

Daar word verwag dat die sakfabriek te Benoni volgende jaar sowat 500,000 wolsakke sal produseer, wat genoeg is vir die aanvraag in Suid-Afrika. Dit is ook moontlik om volgende jaar 6,000,000 graansakke te vervaardig — waarvoor daar vanjaar 'n aanvraag van 30,000,000 was. Hiervan moes die Unie nog 28,000,000 ingevoer het, maar daar is alle tekens dat daar binne 'n paar jaar genoeg sakke in die Unie gemaak sal kan word.

Die fabriek te Benoni word gesteun deur die Nywerheidsontwikkelingskorporasie sowel as deur die staat. Baie van die roustowwe word plaaslik gekweek, terwyl 'n groot hoeveelheid nog van elders ingevoer word om die sakke te weef.

As Indië gedink het dat hy Suid-Afrika veel kwaad sal doen toe hy sy handelsboikot begin het, het hy 'n groot fout begaan. Nie alleen het hy Suid-Afrika 'n groot diens bewys weens die oprigting van 'n nuwe nywerheid nie, maar hy het ook 'n groot afsetgebied vir altyd in die Unie verloor.

## Krap In Prinses Se Slaai

Volgens 'n skinderberiggie in die Amerikaanse blad TIME het prinses Margaret 'n Amerikaanse mededingster gekry of liefdesgebied. Kort gelede is berig dat die Markies van Blandford, een van die mees gesiene edellui, 'n liefdesverhouding het met die Britse prinses. Tydens haar afwesigheid na Holland het persmanne egter opgemerk dat die Markies sy flikkers gooi by die mooi dogter van die Amerikaanse gesant, Sharman Douglas. Hulle is saam gesien in bioskope, hy het haar uitgeneem na danse, hulle het saam geëet en saam melkdrankies gedrink. Die Britte wil nie in hul pers daaroor praat nie, maar vind dit glad nie mooi nie.

# ONTNUGTERING VIR ENGELSE MEISIE NA MENG-HUWELIK

'n Agtienjarige Britse meisie, Mary Mangan, wat onlangs in Brittanje met 'n Siriër getroud is wat in Nigerië woon, is ses weke na hul vertrek uit Londen oorlede as gevolg van „'n swaar aanval van droefgeestigheid" omdat sy moes uitvind dat die lewenswyse tussen die inboorlinge nie is soos sy haar dit voorgestel het nie en omdat haar man reeds met 'n naturellevrou getroud was.

In hierdie verband word ook gedink aan die Britse meisie wat onlangs met 'n naturel, Seretse Khama, in Londen getroud is en wie se huwelik opspraak onder die naturelle in Betsjoeanaland veroorsaak het, daar Seretse die troonopvolger is. Uit Londen word berig dat die meisie, Ruth Williams, meen dat sy koningin van die naturelle sal word en sy hoë ideale omtrent haar nuwe omgewing koester. Sy sal een van die dae na haar bestemming vertrek mits die naturelleleiers die huwelik goedkeur.

Daar is niks wat hierdie soort vergrype belet nie.

U Linnepakkie is by
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

B.V.R.- Produkte word vervaardig van die beste Suid-Afrikaanse vrugte en groente.
Deur aan te dring op B.V.R.-Produkte ondersteun u iets wat u eie is.
VRA U KRUIDENIER VIR
B.V.R.
- Soetlemoendrank
- Grenadelladrank
- Aarbeistroop
- Blatjang
- Suurlemoendrank
- Framboos-stroop
- Tamatiesous
- „Pickles".

TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY. BPK
'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.
• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.
Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS
HOOFKANTOOR:
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"
AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA
AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG
ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN

## *Brief Aan My Partyvriend :*

# VERDIENSTE WAS HOOFSAAK IN BOERE-REPUBLIEK

Geagte Vriend,—In my vorige brief het ek aangetoon hoe vryheid van oortuiging onder die huidige Britse stelsel belemmer word deurdat mense wat deur die volk gekies word om hul belange in die parlement te verteenwoordig, teen hul oortuiging gedwing word om vir of teen sekere sake te stem net omdat hul party standpunt teen die regering moet inneem. Die feit dat een party die ander heeltemal uitsluit van die staatsbestuur en daar sodoende 'n oorlog gevoer word oor beheer van die staat in plaas van in die eerste plaas teen vraagstukke, maak dit noodsaaklik dat elke party sy lede verplig om op alle sake, van A tot Z, bymekaar te stem teen die regeringsparty, wat op sy beurt weer dieselfde doen. Dit bring verder mee dat 'n party se eerste oorweging uit die aard van die saak MOET wees hoe enige regeringsaksie sy posisie as party sal tref, met ander woorde, watter voordeel hy daaruit kan haal met die oog op verhasing van sy bewindsaanvaarding. **En volgens hierdie bevinding word die partylede in die parlement en ook die koerante wat die party beheer, beveel om sus of so te stem of te praat. Jy sien dus dat dit 'n heeltemal onnatuurlike affêre afgee, 'n uitroeiing van vrye meningsuiting en onbevange kritiek.**

### IN REPUBLIEK

So was dit nie in die Boererepublieke nie. Selfs tydens die verkiesings het kandidate wat teen mekaar staan, op dieselfde verhoog verskyn in 'n gees van wedersydse agting. **Trouens, die vergadering was in sekere sin 'n staatsfunksie—dit was die taak van die veldkornet, wat 'n staatsamp beklee het, om vergaderings te belê en as voorsitter daarvan op te tree.** Die twee kandidate het dan hul onderskeie standpunte oor staatsake uiteengesit en die burgers kon op grond van die verdienste van die kandidate self of die beleid wat hulle voorstaan, 'n onbevange keuse doen, **want elke kandidaat was ook 'n medelid van elke burger—naamlik lid van die gemeenskaplike staat en volk, aangesien daar geen partye bestaan het wat lidmaatskap van die volk vervang het nie.**

### ONGEDWONGE

Na die verkiesing, wat dus heeltemal vry en ongedwonge was, verteenwoordig die verkose lid sy volk as geheel. Saam met die ander volksraadslede sit hy in die raadsaal, almal langs mekaar — en nie teenoor mekaar nie — **en is die enigste toets vir wat hy sê of voor stem, hoe dit sy volk gaan raak. Hy hoef nie eers te vra hoe dit sy party sal tref nie, want daar is geen partykoukus wat tussen hom en sy volk staan nie.** Hy stem soos sy gewete hom beveel, en as daardie gewete nasionaal is, dan mag hy oor sake van beginsel of metode van mede-volksverteenwoordigers verskil, maar elke ander volksraadslid of burger weet dat wat 'n man in die Volksraad ook al doen, hy daarmee die belange van sy volk beoog.

### KAN OORREED

En as hy praat oor 'n saak, dan luister die ander volksraadslede, want as hy hul aandag vestig op dinge waaroor hulle nog nie gedink het nie, sal hulle hul deur hom laat beïnvloed en hul mening verander. 'n Man wat dus gemeen het om teen 'n wetsontwerp te stem, sal ewe geredelik sy mening verander en ten gunste daarvan stem as hy deur mede-volksraadslede tot ander insigte gebring word. **Met ander woorde, in die volksraadtoesprake van daardie tyd het daar sin gesit; dit was bedoel en het ook die uitwerking gehad om ander volksverteenwoordigers te oortuig.** In die Britse parlementêre stelsel het toesprake geen sin behalwe om op die ore van kiesers te val met die oog op 'n volgende verkiesing nie.

**Geen parlementslid kan deur 'n toespraak in die volksraad of senaat oortuig word nie om die eenvoudige rede dat sy koukus reeds voor daardie toespraak gelewer word, al besluit het hoe hy moet stem**

Niemand hoef dus eers notisie te neem van wat 'n lid in die volksraad sê nie, behalwe vir die doel om stuitige aanmerkings te maak en sodoende bietjie „lewe" en opwinding te verskaf. Dit spreek vanself dat in 'n stelsel soos dié van die Boere-republieke, waar elke man sy opregte mening gee **en daarmee die gang van sake kan beinvloed,** 'n man se waarde in die politiek bepaal sal word deur sy wysheid en insig. Onder die parlmentêre stelsel daarenteen word 'n man se waarde tot 'n baie groot mate bepaal deur sy vermoë om 'n politieke party se belange te bevorder in 'n atmosfeer van onwerklikheid en intrige. **Die taktikus wat weet hoe om die volksmassas vanaf die parlementêre vloer en die openbare verhoog te beïnvloed om „reg te stem," word per slot van sake die groot figuur, terwyl die wyses wie se oë gerig is op die groter dinge, as „kinders in die politiek" of skeibrekers verbygegaan word, daar hulle te dikwels die party se belange skaad deur nie rekening daarmee te hou dat om aan bewind te kan kom, die party eers sterk gemaak moet word nie.**


G.A. FICHARDT Bpk.
HANDELAARS
BLOEMFONTEIN





*Vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

KWV

*-reukwater*

EN

*-laventel*

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders :*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

7-4.


# Volkskas Se Uitbreiding

Die uitbreiding van Volkskas vorder tans fluks. Sedert Maart hierdie jaar is daar vier nuwe takke geopen, t.w. op Groblersdal, Marquard, Worcester en Lydenburg. Daar word ook voorbereidings getref om takke op Windhoek, Nelspruit, Bothaville, Standerton en Odendaalsrust te open. Na verwag word sal dit binne die volgende twee of drie maande geskied.

Nuwe takke word tot 'n mate gestrem deur 'n tekort aan opgeleide personeel, en om hierdie moeilikheid op te los, hoop die bank om teen die einde van die jaar 150 seuns en dogters in diens te neem.

Van die verdere 250,000 een pond-aandele wat onlangs beskikbaar gestel is, is reeds 96,000 toegeken.

---

**SUID-AFRIKA HET AANGEBIED** om gedurende die komende seisoen 5,700 ton droë vrugte en van 1,000 tot 3,000 ton ingemaakte vrugteslaai onder die goudooreenkoms aan Brittanje te verkoop.

# Atoombeheer Aanvaar

**Die V.V.O. het nieteenstaande die Russiese beswaar besluit om atoomkrag onder internasionale beheer te plaas.** Dit beteken dat 'n internasionale liggaam voortaan beheer sal uitoefen oor die ontginning van van uraan, die vervaardiging van brandstof en die maak van atoomwapens. Ses Oosterse lande het teen die voorstel gestem, terwyl vier buite stemming gebly het.

Tydens onlangse besprekings in hierdie verband het mnr. Eric Louw, die Unie se afgevaardigde, verklaar dat ontginning van uraan in Suid-Afrika ook betrekking het op Suid-Afrika se goudmyne — dit kom voor in gouderts — en dat dit die Unie se houding teenoor beheer sal beïnvloed.

# *Uitspraak teen Brodrick*

Die appèlhof in Bloemfontein het die afgelope week uitspraak ten gunste van die Mynwerkersbond gegee in die appèl wat aangeteken is teen die uitspraak van die Witwatersrandse Hooggeregshof wat aan B. B. Brodrick, voormalige hoofsekretaris van die Bond, £1,490 met koste toegeken het. Dit moes as vergoeding dien vir 'n beweerde onregmatige ontslag.

Brodrick is in 1941 in die pos aangestel en hy sou geregtig gewees het op kennisgewing van drie jaar. In Mei 1946 is hy om verskeie redes, waaronder beweerde wangedrag, deur die hoofraad ontslaan. Brodrick het daarna drie jaar se salaris as skadevergoeding geëis.


# SONOP BEPERK

**Hoofkantoor: Bloemfontein.**

**DIREKTEURE:**
S. J. Naude, Voorsitter
W. J. Pretorius.
Dr. J. J. Dekker.

**DIREKTEURE:**
L. J. Buitendach.
F. v. A. Fourie.
R. Olivier.
Dr. J. A. Stegman.

**Hoofbestuurder:**
C. J. Schlebusch.

## VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE.

Die Direksie se Verslag oor die onderneming se tiende bedryfsjaar geëindig op 30 Junie 1948, het as volg gelui:—

**AANDELE-KAPITAAL.** — Die stand van die ingeskrewe aandelekapitaal was op 30 Junie 1948 as volg: gewone aandele £296,331, voorkeuraandele £67,460, totaal dus £363,791, waarvan £330,820, opbetaal was.

**UITBREIDING.** — Met die opening van 'n takwinkel op 'n strategiese plek in die hoofstraat van Port Elizabeth deur die oorname van die handelsaak van Oostelike Winkels (Ko-op.) Bpk. as lopende saak in Desember 1947, is 'n verdere mylpaal in die ontwikkeling van SONOP bereik. Die gebou self waarin die tak gehuisves is, 'n nuwe en moderne winkelgebou, het ook in SONOP se besit oorgegaan. Van hierdie tak, in een van ons land se belangrikste hawe- en fabriekstede kan heelwat in die toekoms verwag word. Te Hennenman is 'n naturellewinkel op 'n aparte perseel vroeg in die jaar onder bespreking geopen wat goed aan die verwagtings beantwoord.

Die boubedrywighede i.v.m. SONOPGEBOU te Bloemfontein vorder voorspoedig. Inmiddels is ook 'n boupermit vir 'n winkelgebou te Odendaalsrus ontvang, waar binnekort 'n aanvang met die bouwerk gemaak sal word.

SONOP beskik tans oor vyf takke (met drie afdelings vir naturellehandel).

**BEDRYFSRESULTATE:** Met genoeë kan u direksie meld dat die bedryfsresultate oor die afgelope jaar vir alle takke beslis bevredigend was en 'n kerngesonde handelsposisie vir u maatskappy weerspieël. Dit sal des te meer gewaardeer word as in aanmerking geneem word die feit dat die tydperk van sorgelose skynwelvaart, waarvan in u direksie se verslae oor die afgelope jare by herhaling melding gemaak is, ooglopend besig om te verdwyn. Dog SONOP se vooruitstrewende en versigtige sakebeleid, waarvan die gunstige bedryfsresultate oor die afgelope minder gunstige handelsjaar die vrug was, is egter waarborg vir u onderneming se gesonde selfhandhawing in moeiliker tye wat mag voorlê.

**WINS OF SURPLUS.** — Na afskrywing van alle lopende bedryfskoste en ten spyte van die maatskappy se swaar laste aan onproduktiewe vaste eiendomme wat vir toekomstige uitbreidings benodig is, bedra die totale nettowins oor die jaar die som van £28,390 18s. 2d. U direksie beveel aan dat hierdie bedrag as volg aangewend word:—


| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) Waardevermindering (reeds afgeskryf) .. .. .. .. .. | £1,660 | 17 | 5 |
| (b) Diwidend: 6 persent op gewone en 5 persent op voorkeuraandele (ongeveer) .. .. .. .. .. .. .. | 18,450 | 0 | 0 |
| (c) Rerserwe vir inkomstebelasting .. .. .. .. .. .. .. | 4,000 | 0 | 0 |
| (d) Rerserwe vir Gebeurlikhede .. .. .. .. .. .. .. | 4,000 | 0 | 0 |
| (e) Oordrag na toe-eieningsrekening 1948-1949: die balans of ongeveer .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 280 | 0 | 9 |
| | £28,390 | 18 | 2 |

**RESERWES.** — SONOP se reserwes sal daarmee opgevoer wees tot die bedrag van £38,096. Daarbenewens verteenwoordig die aansienlike waardevermeerdering van SONOP se vaste eiendomme, wat almal teen kosprys in die state opgneem is, 'n verdere substansiële bate.



DIE KIESKEURIGE MAN
GAAN VIR SY KLERE NA
Kotzé
*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*
SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.
ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD






Probeer die nuwe SPRINGBOK- „Medium"

OOK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KURK

G2-1033

DIE O.B., WOENSDAG, 10 NOVEMBER 1948

*Na Sewe Jaar*

# SAMESMELTING OF SAMEWERKING?

Sewe jaar gelede het ons blad die lig gesien in heeltemal beskamende omstandighede. Die onmiddellike aanleiding tot sy stigting was naamlik om die Ossewabrandwag en die eenheidsgedagte wat daarmee saamhang, te verdedig teen die felste aanslag wat seker nog ooit in ons geskiedenis teen enige organisasie gedoen is. Maar hoewel die eerste jare hoofsaaklik op hierdie taak toegespits was, het **Die O.B.** die groot positiewe taak beoefen om aan ons volk die idee van groter eenheid te verkondig — 'n idee wat bes saamgevat kan word in die woorde van ons Kommandant-generaal op daardie stadium toe oorlogshaat diep vore oor ons volksliggaam geploeg het — **dat ons nie kyk na die rooi lus op die soldaat se skouer of na die lidmaatskapkaartjie van 'n partylid nie, dog na die Afrikanerhart wat daarbinne klop. Dit is die gedagte dat die volk een is ten spyte van verskille oor verbygaande dinge.**

**In soveel goedertrou het die Ossewabrandwag hierdie gedagte verkondig dat dit nooit by sy leiers opgekom het om 'n eie pers-orgaan vir die doel in die lewe te roep nie; hulle was doodtevrede om dit deur middel van bestaande organe onder partybeheer te laat geskied. En waarom nie? Was daar dan nie die nouste samewerking tussen die verskillende organisasies nie? Was daar dan nie 'n eenheidskomitee in die lewe geroep wat partye, volksorganisasies en kultuur-organisasies tot een magtige volksfront saamgebind het nie? En het die Ossewabrandwag se eenheidsgedagte dan nie juis binne daardie volksfront sy beslag gekry nie?** Geen behoefte dus aan 'n eie blad nie. Party en Volksbeweging het mekaar aangevul in een gemeenskaplike taak en strewe. Daardie volksfront is ploteling verbreek en die Ossewabrandwag het soos 'n doofstomme onhoorbaar in die beskuldigingsbank voor die vierskaar van die volk gestaan onderwyl die „kruis hom"-uitroepe van alle kante opgeklink het. In hierdie troostelose nag is **Die O.B.** gebore in die geloof dat daar nog iets sal oorbly van die ideale wat uit die wonderjaar van 1938 deur die Volksbeweging in bewaring geneem is.

**OORWINNING**

Daardie geloof is nie beskaam nie. Sewe jaar lank het Die O.B. vir die heroprigting van 'n volksfront gepleit, bestaande uit die samewerking van soveel groepe as moontlik vir gemeenskaplike oogmerke, **en in hierdie jaar kon ons volk dan ook die eerste vrugte van so 'n samewerking pluk in die uitslag van die verkiesing op 26 Mei. Die samewerking was nog nie volmaak nie, en dit is vandag ook nog nie.** Daar is, in die woorde van min. Havenga, nog baie uitgesluit wat binne moet wees. Dit geld nie net vir groepe nie, maar ook vir individue. Kunsmatige mure maak nog steeds skeiding tussen mense wat van nature een is en oor die grootste sake eenders dink, en solank hierdie toestand voortbestaan, sal die taak van ons blad nog nie afgesluit wees nie.

En hier moet ons 'n waarskuwende woord laat hoor. Daar gaan vandag stemme op dat die twee partye wat mekaar op 26 Mei bygestaan het, sonder versuim moet verenig tot 'n enkele party; en omdat O.B.-lede oor die algemeen nie baie geesdriftig vir 'n oorhaastige samesmelting is nie, is daar diegene wat verwyt dat die Ossewabrandwag die volk verdeel en nie meer aan sy doel beantwoord nie.

**LANGS MEKAAR**

Wat die partye hieroor besluit, is hul saak, maar intussen moet ons daarop wys dat sewe jaar gelede die Ossewabrandwag apart bestaan het van die politieke party en een van die redes daarvoor was dat duisende van sy lede nie lid van die bevriende party was of wou wees nie, maar met behoud van die identiteit van elk kon daar 'n gemeenskaplike taak verrig word. Sedert die lot wat genl. Hertzog, die Ossewabrandwag en ander Afrikaners getref het, het die onderlinge vertroue nog nooit weer dermate herstel dat daar groter sprake van 'n enkele organisasie kan wees as toe nie. **En dat daar selfs op hierdie stadium by baie O.B.-lede nog nie genoegsame herstel van vertroue is nie, sal wel begryp kan word in die lig van die feit dat 'n paar weke gelede nog formele versoeke aan die Afrikanerparty gerig is om geen O.B.-lede as kandidate in die provinsiale verkiesing te benoem nie. Solank daar nog geen genoegsame vertroue is nie, gegrond of ongegrond, sal dit dwaas wees om 'n haastige organisatoriese eenheid te wil forseer. As dit raadsaam was dat die Ossewabrandwag in 1941 apart van die H.N.P. gestaan het terwille van diegene wat geen lede van die party wou of kon wees nie, dan is dit vandag nog meer noodsaaklik dat samewerking gesoek moet word nie in geregimenteerde eenheid nie, maar in 'n volksfront van afsonderlike organisasies en individue. Vooroordele en wantroue sterf swaar, veral as dit deur sewe jaar van nuttelose vyandskap vereelt en deur resente besluite en uitlatings geprikkel is. Die wonde wat so sinneloos geslaan is, sal weer heel — dit moet weer heel — maar daarvoor is nodig die salf van die tyd.**

En vir diegene wat miskien reken dat die Ossewabrandwag afgewyk het van sy eenheidsgedagte omdat hy die Afrikanerparty steun, wil ons daaraan herinner dat die Eenheidskomitee, volgens verklaring van sy voorsitter indertyd, ook plek gebied het vir die Afrikanerparty langs die H.N.P. en die Ossewabrandwag. **Dit was juis die doel van die Eenheidskomitee om die maksimum krag te verenig in 'n volksfront waarin organisasies hul identiteit behou.**

Samesmelting bring weens ingewortelde wantroue en vooroordele altyd ook uitsluiting mee. Die samesmelting van genl. Smuts met die Unioniste het dit getoon, met as getuie die Dominion Party, en die samesmelting van 1933 het dit getoon, met die huidige H.N.P. as getuie, **wat wel saamgewerk het, maar geweier het om saam te smelt.**

Laat ons werk vir 'n sterk volksfront wat ons steeds verder uitbrei — ook na nasionaalgesinde Engelssprekendes — **en in die gemeenskaplike toewyding en in die trots van gemeenskaplike prestasie sal die eenheid vanself kom. En intussen bou ons.**

Daartoe wil ons blad nog verder meehelp.

# Brittanje Vestig Hoop Op Midde-Afrika

## Reuse-Planne Kom In Werking

**Wat eers Donker Afrika was, sal binne die loop van vyftien of twintig jaar omgeskep word in 'n bloeiende en vooruitstrewende gebied, te oordeel na ontwikkelingsplanne wat tans in Oos-Afrika deur die Britse regering van stapel gestuur word. Waar voorheen net bosse en tsetsevlieë was, dreun daar vandag trekkers en is spanne naturelle onder die toesig van blankes besig om die landerye aan te lê. Dit is egter nog maar net die begin van die groot ontwikkelingsplanne in die hart van Afrika.**

Sedert die einde van die oorlog is dit asof daar nuwe belangstelling dwarsoor die hele wêreld uitgegaan het na Afrika wat lê en wag om ontgin te word, en veral van die kant van Brittanje. Hierdie nuwe rykdomme, met behulp van goedkoop arbeid, sal uitgebuit word om die Britse ekonomiese krisis te bowe te kom. Verskeie Britse gesaghebbendes het dan reeds ook die mening uitgespreek dat dit die enigste redmiddel is om Brittanje weer op sy voete te kry.

**AAN DIE WERK**

Dat die Britte dit ernstig meen met hierdie planne word bewys deur die feit dat hulle besig is om 1,200,000 morge in Tanganjika onder grondboontjies te sit. Hierdie plan is waarskynlik begin met die doel om voedsel- en olietekorte aan te vul, maar saam daarmee hang die ontwikkeling van die hele land. By Lindi word reeds 'n spesiale hawe gebou en 'n pyplyn vir die toevoer van brandstof sal na die binneland aangelê word. Reuse-waterskemas vorm deel van die ontwikkelingsplan.

**ELEKTRISITEIT**

Berigte uit Londen meld dat daar uitgewerkte planne is om 'n groot hidro-elektriese kragsentrale by Jinja, die oorsprong van die Wit-Nyl, op te rig. Hiermee sal goedkoop krag verskaf kan word vir die nodige ontwikkeling. Daarbenewens word beoog om groot sekundêre nywerhede in die gebied op te rig en die boerderybedryf geweldig uit te bou. Hiermee hang saam om die land eers skoon te maak van tsetsevlieë. Groot vordering in hierdie rigting is reeds gemaak.

Die Britse regering is van voorneme om in Tanganjika alleen £10,000,000 aan paaie te bestee, wat oor 'n tydperk van tien jaar voltooi moet word. Terwyl £4,500,000 bestem is vir behuising.

In die lig van die feit dat Midde-Afrika omtrent so groot is as die hele Europa en dat daar slegs 15,000,000 mense, hoofsaaklik naturelle, woon kan besef word watter geweldige ontwikkelingsmoontlikhede hierdie gebied inhou.

**REGTE MENSE?**

Dit spreek vanself dat hierdie ontwikkeling vir Suid-Afrika van groot belang is op ekonomiese en politieke gebied. **Maar of die Britte oor die nodige mensemateriaal beskik om hierdie reuse-gebied te tem en te ontwikkel, is nog 'n ope vraag. Op die oomblik is dit hoofsaaklik oudsoldate wat hulle daar vestig, van wie die meeste nie veel van landbou af weet nie. Daar bestaan ook 'n opvatting dat die blanke nie sy hand aan iets moet sit nie en dat die naturelle alles moet doen. Daarbenewens aan dit moeilik om die naturelle na die werk te lok omdat hulle nog geen besef van die waarde van geld het nie. Gevolglik word aan die naturelle vertel dat die werke wat opgerig word later hulle eiendom sal word — 'n beleid wat vroeër of later sal terugslaan.**

**ANDER GEBIEDE**

Benewens die ontwikkeling van Tanganjika is Brittanje ook van voorneme om binne die volgende tien jaar £28,000,000 te bestee aan die ontwikkeling van Uganda en Niassaland.

Die plan vir Uganda maak voorsiening vir £16,000,000 waarvan £13,000,000 aangewend sal word vir nuwe ontwikkeling terwyl die res sal gaan om die bestaande skemas uit te brei. Meer as £800,000 sal aan landbou-ontwikkeling bestee word, £575,000 om waterskemas te ontwikkel en £380,000 sal gebruik word om die tsetsevlieë te bestry.

Vooraanstaande Engelse pleit vir die samewerking van Amerika in die ontginning van Afrika, maar voorasnog lyk dit of die heersende groep sover moontlik 'n herlewing van Britse grootheid deur middel van Afrika soek, en dus die buit alleen wil behou.

## *O.B.-Aand op Uitenhage*

Die periodieke O.B.-aand van die Uitenhage-kommando is hierdie keer gehou op die plaas van Brandwag L. J. Venter. Komdt. Scheepers het die aanwesiges welkom geheet en melding gemaak van die nuwe gesigte wat aanwesig was asook van die geesdrif waarmee die byeenkomste aangepak word. Ds. en mev. N. T. Snyman, asook komdt. Burnett van Port Elizabeth was ook teenwoordig. 'n Mooi bedraggie is ingesamel.

# Transvalers Het Britse Stelsel Swaar Aanvaar

**Hoe moeilik dit aanvanklik was om die partystelsel in Transvaal in te voer na die verowering van die Republiek, blyk uit die vertellings van J. Steinmeyer in sy boek Spykers met Koppe, wat 'n paar jaar gelede verskyn het. Die skrywer is 'n bekende joernalis aan die Nasionale Pers verbonde.**

Kort na die oorlog het die Boere geweier om deel te neem aan die bewind, maar veral as gevolg van die invoering van Sjinese arbeid het hulle tot die besluit gekom om ook 'n politieke party te stig om vir hul beginsels te veg.

„**'n Ligte taak was dit seker nie. Die Transvaalse Burgers was nie gewoon aan party-organisasie nie,**" **verhaal die skrywer.** Uiteindelik is die Het Volk gestig wat in 1905 'n beslissende oorwinning by die stembus behaal het. Baie van die regeringslede was ook voorheen lid van die Republikeinse Volksraad, en hulle kon maar nie gewoond raak aan die parlementêre prosedures nie.

**KOUKUS**

**„Dit het geruime tyd geduur voor al die lede daaraan gewoond geraak het om die voorsittende amptenaar, genl. C. F. Beyers, met ‚mnr. die Speaker' aan te spreek. Dit het lank, ‚mnr. die Voorsitter' gebly. Dit het nog langer geduur voor die lede hul ernstige besware teen die koukusstelsel — spoedig as maatreël tot handhawing van die partydissipline onder die regeringsparty ingevoer — laat vaar het.** Die gebod van genl. Botha: sê alles wat jy wil sê in die koukus, maar bly in die parlement stil, het die lede, soos hulle beweer het, in 'n verkeerde daglig gestel by hul kiesers wat getrou die uitgebreide parlementêre verslag in De Volkstem gelees het en tevergeefs gesoek het na bydraes van hul lede tot die debatte."

**SKILFERS**

**SKILVRY-SKILFER-** en Haarversterkmiddel genees skilfers en jeukende kopvel, laat nuwe hare groei en voorkom ontydige grys word. By alle aptekers of Heynes Mathew, Kaapstad. (2)

# EENWORDING IS NIE UITSLUITING

„Dom Boer," P.K. Groot Marico, skryf:

Graag wil ek my mening lug omtrent die besluit van die H.N.P.-Afdelingsbestuur van Ventersdorp. In Die O.B. van 27 Oktober verskyn daar 'n berig „Geen O.B. mag staan nie." In die eerste plaas wil ek net die genoemde Afdelingsbestuur van Ventersdorp daarop wys dat die O.B. hom nie moeg maak met die stel van kandidate nie omdat partypolitiek 'n uitgediende saak is in die oë van die O.B. Ons glo in iets beters as partypolitiek.

Ten tweede lyk dit vir my of die Afdelingsbestuur hom inmeng en bemoei met ander mense se sake. Myns insiens is die A.P. mans genoeg om te weet wat hulle moet doen, want dit is ook manne van gesonde verstand. Dit sal beter wees as die Afdelingsbestuur hom by sy eie sake bepaal.

Derdens: Daar word gepraat van „eenwording". Eenwording kan alleen verkry word deur al die Nasionaalgesinde en doelbewuste Afrikaners saam te snoer. Dan kan ons van „eenwording" praat, maar nie om 'n deel van die volk uit te skakel nie.

Daarby moet onthou word dat die „deel" waarvan ek praat meer is as wat ons vriende dink.

Daar moet onthou word dat daar weer 'n verkiesing voor lê en 26 Mei is skaars verby. Onthou net wat daar op die plekke waar samewerking was gebeur het . . .

Ek waardeer die besluit van die Afdelingsbestuur van die A.P. dat daar nie teen lede van die party gediskrimineer sal word nie.

## OUD-GEÏNTERNEERDES

„Oom Gandhi," Kaapstad, skryf:

Mag die volgende sinne die aandag van oud-geïnterneerdes nie ontglip nie: Toe ons agter die doringdrade gesit het, het ons besluit om nie van die kamp-artikels te verkoop nie. Toe party van ons nog in die kamp gesit het, het sommige gewetenloses wat van die doringdraad niks weet nie, artikels buitekant die kamp gemaak en daarmee gesmous en dit verkoop as kamp-artikels.

So 'n gedragslyn is vir ons republikeinse Afrikaners veragtelik. Ons Bond vra nou van ons artikels vir die Bloemfonteinse monument-museum. Wat gaan ons doen? Daardie pragtige Ossewaentjie wat op Koffiefontein as 'n prestasie van fyn afwerking en kuns beskou was, is vir 'n geweer hier in die Skiereiland geruil. Toe ons die waentjie onlangs wou leen vir ons oud-geïnterneerdes se handwerktentoonstelling, wou sy nuwe baas, — 'n vyand van ons soort mense — nie eens die waentjie vir twee dae leen nie.

Is die oorspronklike eienaar lid van ons Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes? Indien wel, dan versoek ek dat sy lidmaatskap beëindig word. Ons het besluit om wel van die artikels weg te gee aan familie, weldoeners en vriende wat in liefde aan ons met geld of pakkies gedink het maar nie om dit so te verkwansel nie.

Daar loop vandag mense rond, sogenaamde Afrikaners, wat geld in die hande kry en slinks slaag om simpatie op te wek onder ons mense. Hulle loop een leuen op die ander en vertel en slaag selfs om geld uit noodhulpfondse te bekom en ook by privaat mense. Ek wil voorstel dat geen hulp aan iemand verleen moet word tensy hy 'n sertifikaat kan toon onderteken deur die Bondsekretaris waarop ook gemeld word die interneringsnommer, werk en datum van inhegtenisname sowel as loslating.—(Verkort. — Red.)

## Maak Einde

Mnr. Johann A. Landman, P.K. Pongola, Natal, skryf:

Ek stem volkome saam met generaal J. A. Smith in verband met die openbaarmaking van die dokumente waarna dr. Malan onlangs verwys het. Sy verwysing na „ander persone" laat mens terug dink aan sy woorde van 1941 toe hy gewaarsku het „as julle aan die O.B. vat dan kry julle met my te doen." En kort daarna het hy self saam met die Smuts-regering met die O.B. te doen gekry, en wie het nou nie 'n os gesteel nie?

Mens kan die handelwyse van beide kante maklik vergelyk met die gesegde: Wat jy is, spreek so luid dat ek nie kan hoor wat jy sê nie. As ek al die koerantverslae wat ek in my besit het (en dit is uit regeringskoerante vanaf 1924 tot 1933) vandag moet gebruik om „ander persone" hulle politieke verlede te laat sien, sal dit 'n ander dokumente-storie wees.

Die veiligste is dat daar nou vir goed en altyd 'n einde kom aan die verdeel en heerspolitiek in ons land. En dan geld dit veral diegene wat afhanklik is van stemme, want om vet posisies te bekom moet die voormanne sorg dat daar „niks teen hulle gevind kan word nie." Maar dit is mos net leë vate waarin niks gevind word nie, nie waar nie?

In Suid-Afrika moet mens blykbaar 'n wonderlike soort vryery aan die dag lê om stemme te kan kry. Dit is soos dit die geval is onder primitiewe volke: die nooi word eers gekasty en beledig voordat sy die ja-woord moet gee.

## SAAMSTAAN

Mnr. J. Stemmet, Knysna, skryf: Na die afgelope algemene verkiesing het ek gemeen dat ons as Afrikaners nou heeltemal sal saam wees, maar ek was teleurgestel om te sien wat die H.N.P. op Ventersdorp besluit het. Nou wil ek ons mede-broers in die H.N.P. op Ventersdorp vriendelik vra of dit nie 'n verkeerde besluit van hulle is nie. Deur hulle besluit kan daar ook net moeilikheid op ander plekke ontstaan.

Wat Kaapland betref lyk dit vir my of die Afrikaners probeer saamwerk. Moet dus nie afbreek wat die ander probeer opbou nie. Elke kiesafdeling het sy eie moeilikhede maar in die provinsiale verkiesing moet ons saamstaan.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## Verjaardagviering Op Die Paarl

„Penkop", Tulbagh, skryf:

Vergun my om op beskeie manier my opinie te lug oor die jaarlikse verjaardagviering van die K.G. en die Adjunk-K.G. te Paarl. Soos dit nou al feitlik tradisie geword het by die duisende O.B's van Wes-Kaapland, en myself — wat 'n jare lange O.B. is en die belange van die Beweging op die hart dra — om jaarliks gedurende November na die Paarl te gaan en om daar ons hulde te bring aan ons geliefde K.G. en A.K.G., was dit 'n groot teleurstelling om te verneem dat die verjaardagviering nie vanjaar sal plaasvind nie.

Vir my sowel as vir baie ander O.B's. waarvan ek kennis dra, het altyd met verlange na hierdie groot gebeurtenis uitgesien om te Paarl weer deur ons leiers aangespoor te word tot groter daadkrag en trou jeens die O.B., en ons het dan ook besiel met nuwe gedagtes, krag en moed, die nuwe jaar tegemoet gesien.

Ek dink dat ons as O.B's. miskien onwetend groot skade op die wyse aan ons Beweging kan veroorsaak deur hierdie gewone jaarlikse feesviering te laat vaar, aangesien die saamtrek van die O.B's. van Wes-Kaapland jaarliks te Paarl ongetwyfeld die grootste konsentrasie van O.B. kragte in hierdie gebied is.

As die saamtrek vanjaar moes plaasgevind het, sou dit ook geskiedkundig in die bestaan van die O.B. gewees het, daar dit die eerste keer sou gewees het dat die O.B. geen teenstand van regeringskant sou ondervind nie.

Die goedgesindheid van die regering sou die saamtrek dan ook nog meer suksesvol gemaak het as in die verlede toe daar elke oomblik op die bewegings van die O.B. en sy lede gespioeneer is.

Dit is dus my bede as getroue O.B.-lid dat waar ons vanjaar miskien versuim het, ons pligte as O.B's. jeens ons Beweging in Wes-Kaapland, nie weer die geval in die toekoms sal wees nie.

Laat ons as O.B's nou besef om terwyl die tyd so in ons guns is daarvan op elke gebied gebruik te maak en die gedagtes en ideale van die O.B. steeds dieper die volkslewe in te dra. Laat ons leuse steeds wees dat die stryd van die O.B. nooit sal ophou nie voordat ons ideale verwesenlik is en die vierkleur weer vry oor ons hoofde sal wapper nie.

Lank lewe die O.B. en ons geliefde K.G. en A.K.G.!

## TROUE BRANDWAG OORLEDE

Die Middelrug-kommando, Knysa, het een van sy ywerigste en getrouste offisiere, mev. Bettie Gerber deur die dood verloor. Sy was altyd getrou op haar pos en het altyd haar plek volgestaan in die volkslewe totdat sy om gesondheidsrede haar erug moes trek. Die kommando betreur haar heengaan. — (Ingestuur.)

# OUD-GEÏNTERNEERDES HOU KONGRES

**Sowat 200 oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes het op 16 Oktober in Pretoria bymekaar gekom om die jaarkongres van die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes by te woon. Lede uit alle dele van die Unie was aanwesig en ou kamerade wat mekaar lank nie gesien het nie, kon weer aangenaam gesels oor die dae van verdrukking wat hulle saam moes deurmaak.**

Na besprekings het die Bond besluit om by die regering aan te dring dat die vingerafdrukke van alle politieke gevangenes wat nog in besit van die owerheid is, vernietig moet word.

**Na aanleiding van die onreg wat baie geïnterneerdes gely het, is daar ook bekend gemaak dat die regering onderneem het om 'n sekere mate van vergoeding aan oud-geïnterneerdes te oorweeg.** Baie van die oud-geïnterneerdes verkeer nog in 'n onbenydenswaardige posisie. Daar is op gewys dat die versoek om skadevergoeding aan die regering nie met die doel gerig word om voordeel te behaal uit die internerings nie, maar dat dit 'n saak van geregtigheid en van rehabilitasie is.

Die sekretaris van die Bond, mnr. O. L. Nel, het ook aangekondig dat daar 'n kamer in die Oorlogsmuseum, Bloemfontein afgesonder sal word waar die werk van oud-politieke gevangenes en oud-geïnterneerdes bewaar en ten toon gestel sal word. Daar word 'n dringende beroep op alle oud-geïnterneerdes gedoen om van hulle beste werke af te staan vir hierdie doel waar dit vir die nageslag bewaar kan word. Skenkers se name sal by die stukke uitgestal word.

Sowat 400 lede van die Bond en gaste het Saterdagaand 'n eetmaal in die Afrikaanse Koffiehuis bygewoon.

## Vergadering Van Oud-Geïnterneerdes

'n Vergadering van oud-geïnterneerdes word op 13 November, om 7.30 n.m. in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou, Kaapstad, gehou met die doel om nouer voeling tussen lede van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes te reël. Vir die doel sal daar die aand 'n komitee gekies word om die leiding plaaslik te neem, onderhewig aan die toesig van die Uniale Raad.

'n Versoek word aan alle lede gerig om teenwoordig te wees.


BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.



• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID
DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS
UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.



KERSFEESKAARTE

VYF Pragtige Gekleurde Natuurtonele
(VAN KIEKIES AFGEDRUK)
met bypassende verse spesiaal verwerk deur
ONS VOLKSDIGTER — TOTIUS
en in sy eie handskrif afgedruk.
Hier is kaartjies wat u met trots aan enige volksgenoot kan stuur — iets Volkseie
5/- PER DOSYN (K.M.B.)
★
● Ons het ook nog kaartjies met die O.B.-wapen, Wag- en Jeugkentekens teen 3/- per dosyn. Ook kaarte met gekleurde afdrukke van Suid-Afrikaanse wild (en klein O.B.-wapen) teen 3/6 per dosyn.
★
★ Bestellings word vanaf 15 NOVEMBER uitgevoer ★
★
Bestel dadelik by DIE BOEREJEUG
POSBUS 1059 — PRETORIA

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## GEBOORTE

**VAN DER MERWE.** — Aan D. C. S. en A. v. d. Merwe, Stellastraat, Vryburg 'n welgeskape seun op 1 Nov. 1948, te Pietersburg. Ons dank aan die Goeie Gewer. Alles wel.

## HUWELIK

**MYBURGH — GELDENHUYS.** — Hiermee wens Mnr. en Mevr. D. C. Geldenhuys van Waatlemoensfontein, Ceres, aan alle familie en vriende bekend te maak dat hul enigste dogter, Francina, met Hansie, seun van wyle Mnr. en Mevr. J. Myburgh van Laingsburg, D.V. in hul huis trou op Vrydag 12 November 1948 om 3. n.m. Geen kaartjies. Geen resepsie. Gelukwensings en telegramme: Waatlemoensfontein, P.K. Gansfontein, Ceres. 10/11/1B

## DOODBERIG

Langs hierdie weg wil ek namens myself en ander O.B.-lede diepe meegevoel betuig met Hoofkommandant Freek Gerber en gesin van Knysna, met die heengaan van sy geliefde eggenote op Vrydag 29 Oktober 1948.

Swaar het sy gely
Bitter het sy gestry
Tot Jesus haar kom haal het
Om ewig by hom te bly.

Ingestuur deur J. Stemmet.
10/11/1

## IN MEMORIAM

**THERON.** — Hiermee lê ons 'n kransie van liefde en waardering op die graf van ons getroue kameraad, Brandwag J. Theron, Rietfontein, wat so skierlik uit ons midde weggeneem is. O.B.-komando's, Fraserburg. 10/11/1B

## PERSOONLIK

Eerlike jong Afrikaner wat baie graag vooruit wil gaan, en £500 dringend benodig, vra of daar nie 10 welgestelde vriende is wat hom elk £50 kan leen vir 'n tydperk van 10 jaar. Sal 6% rente per jaar betaal, wat maandeliks kan betaal word. Geen sekuriteit as net Lewens-assuransiepolisse vir £800. Gewilliges skryf asb. dadelik aan: Die Adverteerder, Posbus 1411, Kaapstad. 10/11/1

## AANSOEK OM BETREKKING

Duitser — 29 ongetroud — soek betrekking liefs Handel (In-/Uitvoer) of hotelwese. Uitstekende kennis Engels (gevangene V.S.A., Brittanje). Passaat uit dienste betaalbaar. Skryf aan Die O.B., Bus 1411, Kaapstad. 27/10/3B

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

## GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

**MEUBELS.** — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubileer teen billike maandelikse paaiemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose, windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminiumkastrolle in stelle van 3, ens.— **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.,** Victoriaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

## MEDISYNE

**ANTIGRYS** herstel gryshare tot natuurlike kleur. Geen kleurstof Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug — 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 20/10/Nr.(1)

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

## SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**BOEKE.** — Het u miskien een of ander probleem omtrent die grootmaak van u kind, iemand wat miskien aan Rook of Sterkdrank verslaaf is, Geslagsleer vir jong dames en here. Vir goeie gesonde Afrikaanse boeke oor sulke onderwerpe skryf dan asseblief vir besonderhede aan: J. F. Stemmet, Fichatstraat, Knysna. K.P. 10/11/1

Gevra om te koop: **Goeie Verkyker,** nuut of tweedehands. Alleen beste kwaliteit. Militêre of burgerlike. — Skryf aan **Nico Barnardt,** Toverwater, Pos Uniondaleweg. 3/11/2B

**IDEALE KERS-GESKENKE**

1 Bybelse Kuns Almanak 1949 (9" x 15"), bevat een volblad en dertien Kleinere (6" x 7¼) — bybel-kleurprente sowel as 'n bybelteks onder elke datum. Prys slegs 3/6 posvry.
2 Goeie Gesonde Afrikaanse boeke vir volwassenes en kinders en vele ander Artikels.
Skryf om besonderhede aan J. F. Stemmet, Fichatstraat, Knysna. 10/11/1

Plaas te koop 12 myl van Willowmore 3,256 morg groot, verdeel in sewe kampe. Elke kamp het water — 9 windpompe op plaas, groot woonhuis en buitegeboue. £2 5s. 0d. per morg.
Navraag: I. M. Verwey, Poukop, Aberdeen. 10/11/2

**PLAASGEREEDSKAP..** — . Een Rusten Hornsby Diesel enjin 10x15 P.K. In baie goeie toestand. £150.
Een John Deere enjin paraffien 12 P.K. £120. Hierdie enjin is feitlik nuut. Navraag: I. M. Verwey. Poukop, Aberdeen. 10/11/2

**SOUT.** — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1, 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/-, per ton vry gelaai soutwerke. Adres: **Komdte mevr. Martie Venter,** Possak no. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 25/8/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**Vars Gesertifiseerde Groentesaad.** — Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet almal teen 7/6 lb., Southern Cross en Spitskop Koolsaad 15/- lb., Beauty en Marglobe Tamatie 30/- lb., 9/- ¼ lb., Marwel 19/6 lb., 6/-¼ lb. Alle soorte uiesaad kan bespreek word vir volgende seisoen. Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 10/11/T.K.

# ‚GEEL MOET PRESIES IN MIDDEL WEES VAN EIER'

**Ons lewe in 'n tyd waarin deskundigheid op alle gebiede 'n baie hoë vereiste is. Daarom pleit die Ossewabrandwag dat die verskillende beroepe groter verteenwoordiging in die landsbestuur moet kry ten einde 'n groter mate van deskundige landsbestuur moontlik te maak. Maar nog meer — die beroepe moet sover moontlik hul eie sake behartig onder toesig van die staat, omdat hulle die beste kennis daarvan dra.**

Nou is daar politieke partye wat ook 'n verandering teweeg wil bring in die huidige stelsel. Hulle noem hulself gewoonlik die Sosialistiese of Arbeidersparty, maar hul idee is dat die staat, soos beliggaam in 'n politieke party, 'n „deskundige" staatsbestuur moet beoefen met behulp van amptenare. Mens kan dit noem burokratiese sosialisme. Dit is wat op die oomblik in Engeland toegepas word met eienaardige gevolge. Tot watter mate sothede in naam van die staat in so 'n stelsel gepleeg word, blyk uit die volgende aanhaling uit die Daily Mirror:

„'n Onlangse regulasie van die Britse voedselministerie lees as volg: ‚Die geel van eerstegraadeiers moet presies in die middel wees, anders sal die eiers as tweede-graad geklassifiseer word'."

### 'N GRAP

„Vir die grap het 'n ander regeringsdepartement 'n eier na die betrokke departement gestuur en hulle gevra om vir hulle presies vas te stel hoe groot die geel van die eier is en hoe ver dit van die dop af geleë is. Die vraers het gegrinnik en heerlik in hul stoele terug geleun en gewag vir die antwoord van die deskundiges dat hulle dit nie kan doen nie. **Maar binne 'n uur het die antwoord gekom, saam met die gevraagde afmetings — korrek tot eenduisendste van 'n duim. . . . Die deskundiges het eenvoudig die eier kliphard gekook, dit afgedop en toe hul afmetings gedoen."**

Blykbaar verwag die regulasie dat al die eiers eers hard gekook en afgedop moet word sodat vasgestel kan word of die eier eerstegraad is al dan nie!

### UIE PER DUIM

Maar ook die regulasies vír die verkoop van uie laat mens glimlag. Ons haal aan uit die Daily Express:

„As jy 'n ui kleiner as 1⅜ duim in omtrek verkoop, is jy blootgestel aan 'n boete of tronkstraf. Die voorskrif sê baie vriendelik dat jy die omvang van die uie moet meet".

Watter boer gaan sy oes een vir een meet?

### 8 MAANDE

'n Verdere voorbeeld van burokratiese sosialisme word gevind in die volgende voorval, soos berig in die Daily Graphic:

# REGULASIE VAN BRITSE BUROKRATE

Die regering het 'n vorm uitgestuur in verband met werknemers waarop 586 vrae verskyn wat beantwoord moet word. 'n Maatskappy met 40 werknemers het nie aan die vereistes voldoen nie, **en by die verhoor in die hof het die advokaat vir die verdediging aangevoer dat dit minstens agt maande sal duur om die vrae op die vorm te beantwoord, aangesien duisende lêers nageslaan sal moet word, terwyl die vorm binne 21 dae voltooi en teruggestuur moes word.**

Die magistraat het die saak vir twee maande uitgestel.

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÖREMARK (Posbus 7185) Newtown**

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

# DUITSERS VIR MYNE?

As gevolg van die onsuksesvolle veldtog in Brittanje en Holland om mynwerkers te werf vir die Unie-goudmyne, word daar tans aan die moontlikheid gedink om Duitsers uit Wes-Duitsland vir hierdie doel te werf, aldus 'n berig uit Johannesburg. Daar word verklaar dat die poging om plaaslik mynwerkers te kry, ook nie geslaag was nie.

## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................

vir die eerste..........................maande.

NAAM: ..........................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................
..........................
..........................
..........................

*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
***Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.***

# Die Week In Oënskou

**DIE FEDERALE RAAD** van die H.N.P. het verlede week in die kantoor van die Eerste Minister vergader om sake van dringende belang te bespreek. Na verneem word is die party se houding teenoor lede van die Ossewabrandwag ook bespreek

* * *

**JEUGMISDAAD** onder blankes is geen probleem nie, maar onder die Kleurlinge is dit 'n groot vraagstuk, volgens 'n verklaring van die hoofwelsynsbeampte van die Kaapse Skiereiland. In die jaar tot Maart 1948 is 122 blanke jeugdiges gevonnis teenoor 1,389 Kleurlinge. In die tydperk is daar ook 42 naturelle jeugdigdes gevonnis.

* * *

**'N GEVAL VAN POKKIES** het in Kaapstad voorgekom terwyl daar ook pokkies in Pretoria aangemeld is.

* * *

**TIENDUISEND TON RYS** wat onlangs in die Unie aangekom het, is reeds aan handelaars dwarsdeur die land uitgedeel. Ander voorrade word ook nog verwag. Dit sal van handelaars afhang hoe lank die voorrade sal hou.

* * *

**'N GEVREESDE BEESKWAAL** kan tans binne enkele minute bestry word. Dit is opgeblaasde pens wat voorkom wanneer diere verlepte lusern gevreet het. 'n Bekende Suid-Afrikaanse maatskappy vervaardig tans 'n spuitstof wat doeltreffend daarteen gebruik word. Een inspuiting het binne vyf minute 'n gunstige reaksie.

* * *

**DIE VERKIESINGSTRYD** in Stellenbosch het reeds sy kwota oproerigheid gelewer toe studente verlede week groot klappers in die geledere van die gehoor van 'n Verenigde Party-vergadering gegooi het. Na berig word, is skade aan klere veroorsaak, en is die Universiteitsraad van voorneme om teen die lawaaimakers op te tree.

* * *

**DIE BEWERING** dat ons kookskoolreserwes baie beperk is en dat hoëgraadse steenkoolreserwes as gevolg van selektiewe ontginning vinnig uitgeput raak, is nie juis nie, volgens die bevinding van 'n kommissie wat in 1946 benoem is om die saak te ondersoek. Die verslag is so pas vrygestel.

# Britse Instellings Was Afrikaner Se Halter

**„Ons regeringstelsel, politieke vorme, plaaslike bestuur, is deur en deur Engels in woord en praktyk", verklaar dr. W. J. B. Pienaar, in die gesaghebbende werk „Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner" 'n publikasie van die Nasionale Pers waarin die Boere-volkslewe in al sy vertakkinge beskryf word. Dr. Pienaar toon aan dat die partystelsel vreemd is aan ons volkskarakter en dat dit vanuit Brittanje ingevoer is om die volk te verdeel sodat Britse belange kan seëvier.**

Dr. Pienaar verklaar:

„Dit is in sy wese 'n aristokratiese monargistiese regeringsvorm, beheers deur 'n kapitalistiese oligargie onder die goeie naam; demokrasie. Dit is 'n natuurlike uitvloeisel van die Engelse gees en geskiedenis en is deur Engelse invloed dwarsdeur die wêreld ingevoer, soms met inmenging soos in Nederland. **Niks kon Engeland meer versterk nie.**

„Onthou moet word dat die politieke agtergrond van die Hollander en Afrikaner vanaf die vroegste tye sterk republikeins is waarin die persoonlikheid en invloed van die volksleier altyd 'n groot rol gespeel het. So was dit in die dae van Willem die Swyer en Oldenbarneveld tot Steyn en Kruger. In die noordelike republieke is die rol van die leier met die Groot Trek veral opvallend en dit was geen halfeeu nie voordat die storm-en-drang-periode van individuele mededinging om leierskap tot die nodige ryping van die gestaltes van Steyn en Kruger ontwikkel het.

### EIE AARD

„Maar voor daardie dae nog is daar oorvloedige bewys dat ons minstens vanaf 1779 met die Patriotdeputasie na Nederland genoegsaam politiek-bewus en op konstitusionele regte gesteld was dat ons, veral voortbouende op De Mist se uitstekende hervormings en die volksregeringstelsel van Natalia, Vrystaat en Transvaal, 'n eie grondwet en unieke regeringstelsel sou ontwikkel het wat uit ons volksaard sou voortvloei en volkome by die volkslewe en landsbehoeftes sou aanpas. Tereg sê Murray van De Mist se bewind: ‚Dit was die eerste regering wat die volk as doel op sigself stel. Toe is die eerste stappe op weg na volksregering gebaan.' Hiervoor het die Patriot die grondlegging verskaf. Hy was net so min met partystigting besig as die Amerikaanse onafhanklikheidstryders. Syne was 'n volksbeweging. Die Afrikaner het 'n waardige politieke tradisie.

### BRITSE WAPEN


„Die uitwerking van die Engelse inmenging was veral: **(a) die totnietmaking van ons bestaande regerings- en bestuurstelsels; (b) die afstomping en verydeling van 'n natuurlike politieke ontwikkeling; (c) die afdwing van 'n vreemde stelsel; (d) die hopelose verdeling van die Afrikaner deur die partystelsel.** In die 18e eeu het die partystelsel en die parlementarisme van die Engelse politiek groot nuuskierigheid in Europa ingeoes. Vreemde waarnemers het dit as Engelse eienaardighede beskou, **maar hoe gepas ook al in Engeland, in Suid-Afrika was dit die geheime wapen van die ‚verdeel-en-heers'-politiek.**

### NOODGEDWONGE

„Onder die Afrikaners wat, nadat hulle sowat tagtig jaar in die politieke woestyn rondgedwaal het, die stelsel tog later moes aanvaar om enigsins seggenskap te verkry, het dit algehele verwarring en verdeling geskep. Afrikaners is van geslag tot geslag in die harnas teen mekaar geja en het grimmig teenoor mekaar gaan staan tot in die kleinste, in huis, taal, onderwys, vermake, plaaslike bestuur, sowel as in die politiek. **Solank dit gebeur, was die Brit veilig en kon hy kwistig en teatraal met gebare van grootmoedigheid in die toekenning van selfregering en ander toegewings speel.**

### VERONGELUK

„Gesteun deur die handlangeramptenaar, die immigrante-element, ekonomiese beheer en 'n versterkende bevolkingsaanwas, sou hy altyd die meerderheid behou, heilige instelling van die partystelsel en totaal onvanpas in 'n land soos Suid-Afrika, waar die bevolking nie homogeen is nie, en kon hy hom vermaak oor die bokkespronge van die Afrikaner soos hy lugtrap met die partymeerderheidstelsel — strop om sy nek. Die Afrikaner se sterk neiging om volksleiers te volg, het hom in die party-politiek laat verongeluk toe hy telkens partyleiers tot volksleiers verhef en hulle dweepsugtig aangehang het. Die Engelsman begaan hierdie fout nie, maar sy stelsel pas ook by hom aan, veral in Suid-Afrika waar dit vir hom 'n veilige dobbelspel is," aldus dr. Pienaar.



**Soos vliegtuie gedurende die oorlog die vyandelike gebied vanuit die lug bespied en gefotografeer het, so word Sentraal-Afrika vandag stuk vir stuk gefotografeer en die foto's aanmekaar gelas teneinde 'n juiste kaart van die gebied te kan opstel. Teen die middel van die jaar was daar reeds 150,000 vierkante myl opgemeet. Die foto's word na Londen gestuur waar dit deur die kantoor van koloniale opmetings saamgestel word.**

**ELKE HALFUUR PLEEG** iemand selfmoord in Amerika. Gedurende die afgelope tien jaar het nie minder as 1,676,000 mense in Amerika selfmoord gepleeg.

## 500 Per Maand Verlaat Unie Na Noorde

'n Tweede Groot Trek, hierdie keer vanuit die Unie na die Noordelike buurstate, is tans in volle gang, soos blyk uit die syfers van die Kantoor van Sensus en Statistiek.

Gedurende die eerste agt maande van hierdie jaar het meer as 4,000 mense die Unie verlaat om hulle metterwoon in Rhodesië, Kenia en Tanganjika te vestig. Gedurende 1947 het ongeveer 3,000 mense uit die Unie na die genoemde provinsies verhuis. Hoewel baie van die emigrante in die buiteland gebore is, is die meeste Suid-Afrikaansgeborenes.

## WAARHEDE UIT DIE PERS

### „Hoenderhane en Bulle"

„Mnr. Haywood het hom ook as uithaler-propagandis geopenbaar. Tydens samesmelting het hy kommentaar uit die verslag van die Ouditeur-generaal gehaal om gevalle van wanadministrasie aan die lig te bring. Dit het mnr. Haywood by die tien duisende by wyse van vlugskrifte versprei. Die Ouditeur-generaal het b.v. meegedeel dat die destydse regering bulle en hoenderhane vir naturelle aangekoop het.


„Maar dit was in die ou dae wat gelukkig agter die rug is. **Dit was 'n onsmaaklike broederstryd tussen mense wat in hoofsaak eenders gevoel het."**—(Die Volksblad).

### „BANDE VAN SY"

„Wat 'n mens hier aanskou is tegelykertyd bloot 'n voortsetting van die tradisionele beleid om toue van growwe goiing met haas onsigbare sy drade te vervang. **Die Britse diplomasie glo vandag aan bande wat nie skaaf nie . . . "** — (Die Transvaler, na aanleiding van die weglating van die woord „Brits" voor Statebond.)

### NIE DAARSONDER

„Nogtans, hoeveel die term Britse Statebond vir baie jare nie meer Britse heerskappy beteken nie, het dit nou opgehou om enige betekenis te hê nie. Dit gee op 'n ietwat growwe manier uitdrukking aan daardie ‚gemeenskaplike lewensbeskouing' **wat gegrond is op 'n stelsel van parlementêre demokrasie, en op persoonlike vryheid, waarsonder die Statebond nie as 'n lewende mag kan voortbestaan nie."**—(Sunday Times).



## OPMETINGS

**Een van die eerste take wat die Britte aangepak het, is om juiste opmetings van Sentraal-Afrika te maak en landkaarte op te stel. Ten einde die vliegtuie by te staan wat vir hierdie werk gebruik word, word daar ook van radar gebruik gemaak. Die bemanning van 'n radareenheid is besig om die apparaat in gereedheid te bring. Hulle bly in tente en verhuis van plek tot plek.**

# Reuse Dominium In Afrika Moet Unie Laat Verdwerg

**Dat die ontwikkeling van Midde-Afrika deur Brittanje nie net bloot op ekonomiese oorwegings berus nie, maar terselfdertyd ook gemik sou wees op die uitskakeling van die Unie as politieke leier van Afrika — en 'n republikeinse Suid-Afrika word in die opsig natuurlik gevrees — skemer deur uit 'n berig uit Nairobi waarin gemeld word dat „'n nuwe Afrika-staat, Brits en sterk, anderkant die Unie se noordelike grense opgebou word", en dat die „politieke implikasies" hiervan nie in Suid-Afrika besef word nie.**

Die Sunday Times berig dat die Britse regering en privaat ondernemings besig is om miljoene ponde, te bestee aan die ses agterlike en verwaarloosde gebiede wat aan die Unie grens. Daar is beplan, aldus die koerant, dat die gebiede ten noorde van Suid-Afrika binne tien jaar so ontwikkel moet word dat die Unie se ekonomiese potensialiteit klein in vergelyking daarmee sal lyk.

In hierdie verband berig die blad: **„Die aankondiging verlede week van samesprekings wat die federasie beoog van die 485,000 vierkante myl van Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië en Niassaland, 'n gebied wat groter is as die Unie, is 'n teken dat geen politieke oorwegings toegelaat sal word om die bou van 'n ryk Britse Dominium dwarsoor Afrika, teen te gaan nie."**

„Wanneer dit gebeur, sal die Unie die kleinboetie in Afrika wees," het iemand in die verband opgemerk.

## Word nou Hoof van Inligting

Dr. J. H. O. du Plessis, voormalige redakteur van Die Oosterlig en Die Volksblad, wat deur die regering aangewys is as die Unie se gesant in Nederland, maar vir die Nederlandse regering onaanneemlik was weens beweerde nazi-gesindheid, is nou aangestel as Staatsinligtingsbeampte, volgens 'n amptelike aankondiging. Die salaris daaraan verbonde is £2,000.

Nadat daar indertyd aangekondig is dat dr. Du Plessis die Unie se gesant in Nederland sal wees, is daar plaaslik sowel as in Nederland 'n persveldtog teen hom van stapel gestuur op grond van geskrifte oor 'n nuwe orde wat hy gedurende die oorlog uitgegee het. Later is aangekondig dat hy nie aanvaarbaar is vir die Nederlandse regering nie.

# HOLLAND AAN VERENGELS KLA VLAAMSE BLAD

## Brigade van Rooibaadjies By Jubileum

**Bytende kritiek op die Nederlandse volk weens die proses van verengelsing wat daar tans in Holland plaasvind onder die huidige staatsleiding, het in een van die onlangse uitgawes van die Vlaamse blad Het Spoor verskyn onder die naam van M. Frank. Dit is hier te doen om 'n saak wat die Afrikanervolk naby aan die hart lê, en die skrywer beskuldig die Hollandse volk in onomwonde taal van nasionale skaamteloosheid.**

**Dit blyk dat by geleentheid van die inhuldiging van koningin Juliana daar 'n spesiale brigade van die Nederlandse leër aan die verrigtinge deelgeneem het met die naam „Irene-brigade" — vernoem na een van die prinsessies. Die Nederlandse pers het dit in die volgende bewoording aangekondig:**

**„Die Irene-brigade beskik tans oor 'n parade-uniform met 'n rooi jas in tipiese Engels-territoriale vorm. Die hoofbedekking bestaan uit die ouderwetse Engelse helm."**

**En dan volg daarop: „Die Engelse het in hierdie uniform tydens die Boere-oorlog geveg!"**

Die heer Frank merk na aanleiding hiervan op:

„Miskien het menige onskuldige siel by die lees van hierdie intieme besonderhede 'n traan weggepink omdat die Nederlandse jongman nou eindelik die eer te beurt geval het van in die pak gesteek te word waarin die Engelse ruim veertig jaar gelede in Suid-Afrika die Nederlandse bewoners te vuur en te swaard te lyf gegaan het, hulle jarelank met 'n oormag beveg, hul vroue en kinders in die konsentrasiekampe opgesluit en verder alles gedoen het wat juis hierdie Suid-Afrikaanse oorlog van die Engelse tot een van die walglikste bladsye in die geskiedenis gemaak het.

**GEEN PROTES**

„Ons glo nie dat daar in Noord-Nederland enige protes aangeteken is teen hierdie growwe belediging wat die Nederlandse volk en sy vorstin (eens die gasvrou van die onvergeetlike Paul Kruger!) aangedoen is nie!

Sulke dinge is in die, deur sy leidende instansies dol verangloo-Amerikaanste Nederland moontlik. **Geen persstem wat hom daarteen verhef nie, want aan elke koerant heers dieselfde mentaliteit wat vir sulke beskaamde verval-verskynsels geen gevoel meer het nie.**

**MEV. STEYN**

„Wanneer mens nog daaraan dink dat by hierdie inhuldiging ook aanwesig was mevrou Steyn, die bejaarde weduwee van die laaste President van die Oranje Vrystaat, wat saam met Kruger teen die ‚Rooinekke' opgetrek het, dan is dit wel duidelik dat by hierdie plegtigheid een van die grootste lomphede ten toon gesprei is wat mens jou uit die geskiedenis kan herinner . . .

„Voor haar verbysterde oë sou op daardie oomblik (by die speel van die Wilhelmus wat mev. Steyn aan die ‚Wilhelmus der Boeren' sou laat dink het) die lede van die Irene-brigade gemarsjeer het in die pakke van dieselfde ‚Rooinekke' wat in Suid-Afrika so gebrand en gemoor het dat die hele wêreld, en selfs Britse Laerhuislede, met skande daarvan gepraat het."

**ALGEMEEN**

**Die skrywer verklaar dat hierdie feit nie die enigste teken van nasionale verval in Holland is nie. „Mens kom dit in vrywel alle vertakkinge van die samelewing teen. Die pers is daarvan deursuur, en dié deurtrek op sy beurt weer miljoene mense daarmee sonder dat daar gereken kan word op 'n tereg-wysende protes of 'n waarskuwende gevoel van skaamte."**

Die skrywer merk verder op dat ná die oorlog alle militêre volgens model van die Engelse en Amerikaners uitgedos is. Toe die huidige Hollandse regering by voorbeeld kort gelede in sy oproep aan jongmense om by die leër aan te sluit, 'n reklame-vlugskrif uitgegee het, was daarop 'n soort Amerikaanse soldaat afgebeeld, dog met die onderskrif: „Dit is 'n Nederlandse soldaat!" „Die toevoeging was inderdaad nie oorbodig nie, en mens het aanvanklik nie geweet of dit as spotprent opgevat moes word dan wel as erns nie. Helaas, dit was ernstig bedoel.

„Ook hierteen het geen protes uit die Nederlandse volk gekom, wat volkome deurdrenk is met die Engelse en Amerikaanse ideologië — of liewer lewensgewoontes wat nouliks nog die benaming, ‚ideologie' kan verdra. **Proteste moet egter deur die leidende kringe van 'n volk op tou gesit word, en in Noord-Nederland is dit juis die leidende elemente wat geen nasionale eiewaarde aan die dag lê nie."**

# BEHEER TREF NIE GEWONE MAN

**Beperkings op die Unie se invoer uit die buiteland wat nie net sal dien om die betalingbalans gunstig te beïnvloed nie, maar ook as aansporing vir ons eie nywerhede, is deur die regering aangekondig. Hoewel daar verwag is dat die beperkings ingrypend sal wees, skyn dit asof die gewone man nie hierdeur geraak sal word nie omdat hoofsaaklik onnodige invoere, waaronder weelde-artikels verbied word. Die handel en nywerheid het die stap van die regering gunstig ontvang.**

'n Lang lys van goedere wat nie ingevoer mag word nie is Vrydag in die Staatskoerant aangekondig. Die verbod raak alle lande van herkoms maar maak voorsiening vir permitte in „besondere en buitengewone gevalle." Ingemaakte voedselsoorte waaronder vis, vrugte, groente, ens., verskillende soorte drank, lekkers, juweliersware, kom almal in aanmerking en mag nie ingevoer word nie. „Wild West"-boeke en „comics" tref dieselfde lot.

**PETROL**

Motors wat meer as £500 (vry aan boord) werd is, word ook verbied, wat beteken dat luukse motors sal verdwyn. **Petrol sal vir alle praktiese doeleindes nie deur invoerbeheer getref word nie.** Soos ander dollarinvoere sal dit tot die helfte van die invoer van 1947 verminder word, maar „ekstra kwotas " sal toegelaat word op aansoek, soos in die geval van ander noodsaaklike ware waarvoor permitte toegestaan mag word.

Radios van duurder as vyftien pond, sal nie ingevoer kan word nie. Tabak, sigarette en graansoorte word ook getref. Volgens berekening sal die Unie jaarliks £100,000,000 aan invoer deur hierdie beperkings spaar en sal dit plaaslike nywerhede, soos tabak, drank, lekkers, en inmaakfabrieke die geleentheid bied om meer Suid-Afrikaanse produkte op die mark te plaas.

**Die £80,000,000-goudlening aan Brittanje deur die Smutsbewind word as een van die vernaamste oorsake van ons huidige betalingskrisis beskou.**

## Duikpoging Na Seebodem Faal

Prof. Piccard, die 63-jarige wetenskaplike, het sy plan laat vaar om met sy bathoskoop in die seediepte af te daal, nadat hy 'n paar proefduike uitgevoer het. Hy was van voorneme om twee-en-'n-half myl af te daal en 'n studie te maak van die seebodem. As gevolg van tegniese moeilikhede wat ontstaan het met kragtoevoer ens., is van die plan afgesien.

## A.P.-Kongres

Afrikanerparty-takke word daaraan herinner om sonder versuim afgevaardigdes te benoem vir die Uniale kongres wat op 1 en 2 Desember te Brakpan gehou word. Mnr. J. H. Richter, organiserende sekretaris, versoek dat die name van alle afgevaardigdes nie later nie as 15 deser aan posbus 8262, Johannesburg gestuur moet word. Takke wat nog nie behoorlik geregistreer is nie, moet dit sonder versuim doen. Die kongres word as baie gewigtig beskou.

Verantwoordelikheid vir alle politieke kommentaar en berigte in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, gedra deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerk-gebou 703, Kaapstad.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# VERDRAG TUSSEN V.S.A. EN TITO?

**Berigte dat Amerika en Joego-Slawië 'n geheime militêre ooreenkoms aangegaan het, is die afgelope week die wêreld ingestuur. Hoewel dit amptelik deur Amerika ontken is, word die berigte gestaaf deur noukeurige besonderhede oor die inhoud van die verdrag, wat volgens die beriggewer, deur 'n Amerikaanse amptenaar bevestig is.**

**Die ooreenkoms sou reeds in September onderteken wees en soos op 20 Oktober in Die O.B. berig is, het Tito reeds sy troepe teruggetrek van die Italiaans-Joego-Slawiese grens, en uit sy besettingsgebied in Triëste, het hy 36 divisies na sy Hongaarse, Roemeense en Bulgaarse grense verskuif.**

Die ooreenkoms tussen die twee lande sou onder meer inhou dat Tito sy troepe uit Triëste terugtrek, dat Amerika wapens en ander voorrade aan Tito sal lewer, en dat Amerika Joego-Slawië se Westerlike grens sal waarborg. Aan die ander kant sal Amerika in geval van nood 'n brughoof aan die Adriatiese kus vir sy troepe kry sowel as 'n deurgang van uit Triëste na Oostenryk.

# Dr. Dadoo Kry 'n Maat

Die regering het die afgelope week tussenbei getree toe eerwaarde Michael Scott, wat 'n tyd gelede beroering veroorsaak het deur sy beswaddering van die boere van Bethal, na die V.V.O. in Parys wou vertrek waar hy die saak van die Herero's in verband met die inlywing van Suidwes wou gaan „stel". Op las van die regering is hy versoek om sy paspoort aan die immigrasie-owerheid af te gee. Dit hou egter nie in dat hy nie mag vertrek nie, maar sonder sy paspoort sal sy sending 'n mislukking wees.

Dr. Dadoo, wie se paspoort ook weggeneem is en tans in Londen is het nog nie 'n visum gekry nie en het nou 'n beroep op Pandit Nehru gedoen om hom te help sodat hy na Parys kan gaan.




Hierdie pragtige Slaapkamerstel wat spesiaal vir Plattelandse klante ontwerp is, kom as aangename verrassing vir almal wat iets modern en aantreklik verlang. Die ontwerp is van so 'n aard, dat dit praktiese oorwegings en goeie smaak verenig.

Die Dameshangkas is 4 vt. breed, wat met 4 laaie en 'n 2-deur-rak toegerus is. Manshangkas van 3 vt. 6 dm. is volledig toegerus met Skoenrak, Broekrak en Skuiflaaie. Kleedtafel van 3 vt. 9 dm.

DIE UWE NA DEPOSITO VAN £7/7/6 EN 24 MAANDELIKSE PAAIEMENTE VAN £2/15/6. BYPASSENDE BEDDE — GROOT AFSLAG VIR KONTANT.

VERPAKKING GRATIS — VRA OM ONS KATALOGUS. — ONS IS BEREID OM SPOORVRAG VOORUIT TE BETAAL VAN ONS KANT AF INDIEN U DIT VERLANG.

Die Voordeligste vir enige man is Morkel se Afbetalings Plan

Phil Morkel

★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD
POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL